
# JAAP ZEEMAN

## 4. Die skedelvlag



Frans Gericke

Gericke g

Die wreedste en mees meedoënlose manne op aarde het absolute mag gehad in die seerowerryke langs die Kaapse Seeweg. Alleen deur die dood dag na dag uit te tart, kon Jaap die lewe behou. Alleen met roekelose dapperheid en weergalose skranderheid, kon hy sy vryheid herwin.

## Reeds verskyn in die Jaap Zeeman Reeks:

**SKERP STAAL**
**VERSKRIKKING VAN SUMA**
**BLOED OP DIE BRANDERS**
**SKAT VAN SIMEON EILAND**
**DIE SKEDELVLAG**

## Binnekort verskyn

**WRAAK OP SEE**
**DIE GOUDVLOOT**
**DIE SWART KAPERSKIP**
**DIE BEUL VAN BARBARYE**

# INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy. |
|---|---|---|
| 1 | In die Lokval | 5 |
| 2 | Die Groot Seerower | 12 |
| 3 | Die Losprys | 19 |
| 4 | Die Skedelvlag | 25 |
| 5 | Dood! Dood! Dood! | 33 |
| 6 | 'n Lam ter Slagting | 39 |
| 7 | Schwartz word kwaad | 45 |
| 8 | 'n Roekelose Plan | 53 |
| 9 | 'n Figuur op 'n Draagbaar | 61 |
| 10 | Die Malagas | 68 |
| 11 | Die Tweegeveg | 75 |
| 12 | Opstand | 82 |
| 13 | Die Oormag | 88 |
| 14 | Vlam en Kruitdamp | 94 |

In hierdie verhaal ............

Die Skedelvlag:

Letterlik honderde seerowerskepe het om die eilande noord van Madagaskar gewemel. Seerowerryk is gestig waar daar net een wet was: DIE STERKE MAAR DIE SWAKKE DOOD.

In so 'n ryk beland Jaap Zeeman hom en die gevolg is 'n verhaal van waagstukke en heldedade wat die leser nie kan neersit voordat hy die laaste bladsy verslind het nie.

Hoofstuk 1

## IN DIE LOKVAI

Die Hoop van Gouda is die trots van haar redery, 'n netgeboude fregatskip, hoog getuig en met veertien vuurmonde.

Sy is ook die trots van haar nuwe skipper, Kaptein Jaap Zeeman. Sy het die reis vanaf Batavië binne drie weke afgelê, nieteenstaande 'n kwaai storm. Verskeie kere het sy vir ure aaneen twaalf tot veertien knop gehandhaaf.

Sy nader nou die ingang na die lagune van De Ruyterland, in die Seyscelles-eilandgroep, die jongste verversingspos van die Verenigde Oosindiese Compagnie.

Seemeeue swiep verwelkomend oor die Driekleur van die hoofsteng. Dit is die eerste keer dat Jaap die eiland sien en hy vind dit pragtig. Die twee atol-arms strek rondom die lagune wat sowat twee by vier myl blyk te wees. Hierdie landarms is weelderig begroei met palms en allerlei vreemde bome en struike. Op die punt van elke landarm kan 'n kanon-bustion gesien word.

Geen skip sal daar kan verbykom sonder toestemming van die owerheid nie. Soos die knypers van 'n reusekrab is daardie landarms!

Daar is net een ingang tot die lagune: die poort hier voor hulle. Dit is omtrent 'n honderd tree wyd en deur die poort kan Jaap 'n deel van die lagune en van die eiland self sien.

Die treffendste kenmerk van die eiland is die plat granietkop, seker driehonderd voet hoog, in die middel. Vanaf die kruin strek groen woude tot aan die hoë kranse aan die see.

Maar Jaap Zeeman gee al die natuurskoon slegs 'n vlugtige blik. Wat hom wakker regop laat staan, is die skouspel in die lagune.

Binne sy gesigveld alleen - en hy kan maar 'n klein deel van die meer sien - lê tien of meer skepe. Daar is fregatte, skoeners, jagte, selfs 'nkof. Wat Jaap sy wenkbroue laat saamtrek, is die feit dat nie een van daardie skepe met uitsondering van die kof, die Nederlandse vlag voer nie. Daar is Engelse, Franse en Portugese vlae, almal vyande van Holland. En twee van die skepe staan onder die skedelvlag, die kenteken van seerowers.

Wat gaan hier aan? Dit is tog 'n Hollandse eiland hierdie, met 'n Hollandse fort en 'n garnisoen!

Stuurman Pohl kom die kampanjetrap op. Hy salueer.

Jaap vra: „Wat verstaan u van daardie besigheid?"

Pohl laat sy oë oor die lagune gaan. Hy word effens bleek. „Hemel Kaptein! Hier is iets verkeerd!"

„Dit lyk so," sê Jaap. „Kan dit wees dat 'n vyand die eiland verower het?"

„Die Vader weet!" Pohl se oë is op die seerowerskepe gevestig. „Maar dan, wat maak die kapers daar?"

Jaap gee 'n blaflaggie. „Soos u weet, het Engeland, Frankryk en Portugal hulle nog nooit ten volle by die seewette gehou nie! Hulle het self seerowerskepe."

„Wat moet ons doen?" vra die stuurman.

„Dit sou onwys wees om dit daar in te waag voordat ons vasgestel het wat aangaan," sê Jaap. „Eenmaal deur daardie poort, sal dit onmoontlik wees om weer uit te kom!"

Hy wil net die bevel gee om by te draai, toe doen die verklaring vir die hele besigheid voor sy oë op.



Bokant die bosse van die stuurboord landarm, word die topseile van 'n magtige slagskip sigbaar. En sy voer die Oranje-blanje-blou!

„Kyk daar, Stuurman!" sê hy. „Hier moet 'n Hollandse vlottilje lê. En hulle het daardie skepe gevang en hierheen gebring!"

Dieselfde afleiding is deur die bemanning van die Hoop van Gouda gemaak. Hul opgewonde gebabbel en sporadiese gejuig is hier op die kampanje hoorbaar.

Hulle is nou voor die poort. Jaap laat 'n saluur vuur. Die slagskip beantwoord dit. Noudat sy in volle sig kom kan hulle sien dat sy 'n vier-en-sewentiger is. Wat haar naam is, kan hulle egter nie lees nie omdat haar kluiwer oor die voorstewe hang.

„Daar sal seker groot jolyt in die hawe wees!" sê Pohl. „Ken u die Kommandeur?"

„Nee," sê Jaap. „Maar ek het baie van Willem van Heemsgaard gehoor. Glo 'n aangename man. Ek het juis briewe vir hom en vir sy dogter, juffrou Magtild."

Die hoop van Gouda vaar deur die poort. Die slagskip draai by. 'n Paar kabellengtes van die poort af werp sy anker.

„Om te voorkom dat enige van die verowerde skepe ontsnap!" sê Jaap.

Sodra hulle die poort deur is en reg voor die slagskip ver by vaar, praai laasgenoemde die Hoop van Gouda: „Wie is u skipper, waarvandaan kom u en wat is u bestemming?"

Jaap bring die skeepsroeper aan sy mond: „Kaptein Jaap Zeeman. Vanaf Batavië na die Kaap die Goeie Hoop!"

„Wat is u vrag?" vra die kaptein van die slagskip.

„'n Bietjie speserye. Meestal graan," antwoord Jaap. Hy wil nie die feit dat hy 'n ryk skat aan goud en diamante aan boord het, adverteer nie.

„Rapporteer persoonlik aan die hawemeester!" kom die bevel.

Die Hoop van Gouda vaar tussen 'n kaper en 'n Engelsman deur. Twee kabellengtes van die hawehoof af, draai hy by langs die kof. Hy laat die jol te water, plaas Piet Hoorn in bevel van die skip en met sy stuurmanne Pohl en Brink en ses matrose gaan hy aan wal.

Die dorpie De Ruyter, bestaan slegs uit 'n paar haastig-geboude huise. 'n Lang gebou naby die strand, is klaarblyklik 'n tappery en herberg. Die fort is duidelik sigbaar bo-op 'n koppie agter die dorp.

Jaap en sy manne stap reguit na die tappery. Daar sal hulle gou verneem wat hier aangaan.

Bokant die deur van die tappery is 'n uithangbord met 'n snaakse rooi gedrog daarop geskilder.

„Dit lyk na 'n kruis tussen 'n konyn en 'n krokkodil!" meen Brink. Maar toe hulle naderkom, kan hulle die naam lees: „De Roode Leopaard."

'n Oorverdowende lawaai van besope mans wat almal tegelyk probeer praat, dreun hulle tegemoet. Tussendeur is daar die luide gegiggel van ewe besope vroumense.

„'n Lawaaierige ou spul!" sê Jaap.

Hulle staan vir 'n ruk lank in die deur en kyk na die warboel daar binne. Die tappery is gepak met wat lyk na die



skuim van die sewe seë. Na seerowers lyk hulle almal en die paar vrouens, meestal kleurlinge, lyk niks beter nie.

Teen die mure van die tappery is lang banke en hulle is gepak met dronkaards wat sit en drink of lê en slaap. Sommiges het al afgeval en lê op die vloer rond. Die hele vloer is so vol met ruwe plank-tafeltjies en stoele, dat daar skaars beweegruimte tussen hulle is. En elke stoel is beset deur 'n drinker of 'n dobbelaar.

Die agterste muur van die vertrek is oorspan deur 'n lang, hoë toonbank, ingeryg met drinkers. Vier kroegmanne, nat van die sweet, tap net so vinnig as wat hulle kan om al die bestellings te behartig.

„Hier is iets ernstigs verkeerd," fluister Jaap aan sy manne. „Ons sal moet ligloop. Miskien is dit die beste om maar by die fort te gaan nuus soek."

Hulle begin net agteruit tree om na buite te gaan, toe 'n lang vent met 'n rooi kopdoek vir Jaap opmerk. Hy wys na hom met 'n uitgetrekte arm:-

„Die Pous van Rome is hier!" skree hy bokant die lawaai uit. „Of is dit Willempie van Oranje?"

Alle oë draai na die groepie by die deur. 'n Aantal mans spring op en gryp na hul hartsvangers of pistole.

Maar 'n kort, breedgeskouerde Portugees trek almal se aandag. „Sacramento! Jou vuil Engelse hond!" skree hy. Hy druk tussen die ander deur tot voor die lang kêrel wat na Jaap gewys het. Hy vee 'n vuil vinger van sy linkerhand onder die neus van die man. „Hoe durf jy die naam van die Pous noem?" skree hy.

Ongelooflik vinnig beweeg die Portugees se regterhand! Die Engelsman steier agteruit, 'n dolk in sy hart. Daar is 'n snaakse gryns op sy bleek gelaat. Hy stort inmekaar

Gille van woede klink op. Drie-vier manne sak op die Portugees toe. 'n Hartsvanger kap sy kop van sy lyf af.

In 'n ommesientjie is die hele tappery 'n vegtende, gillende massa. Tussen die lawaai deur klink af en toe 'n pistoolskoot.

Jaap lei sy manne vinnig weg. Elke oomblik word die raaisel van hierdie hawe groter.

Jaap stuur vir Pohl en die ses matrose na die jol. Hy vertrou die vrede nie. Hy en Brink stap alleen vinnig weg in die rigting van die Fort.

Hulle moet 'n lang, style pad uitklim. Uitasem kom hulle voor die poort van die Fort aan.

„Halt!" blaf 'n man. In Engels vra hy: „Wie is julle?"

Jaap stoot sy bors uit. „Ek is Jaap Zeeman, Kaptein van die fregatskip die Hoop van Gouda. Hierdie is my twee-de stuurman, Jan Brink."

Die wag staan voor hulle. Hy hou sy ontblote swaard soos 'n kierie op die grond. Agter hom staan vier ander wagte, elkeen ook met 'n swaard in die hand. Die wag vra:

„Nou wat wil julle hê?"

„Mannetjie!" sê Jaap. „Jou nekkie draai ek om as jy my weer so aanspreek! Ek wil die Kommandeur sien. Onmiddellik!"

Die wag draai om na sy maats. „Hy wil die Kommandeur sien. Wys hom die Kommandeur."

Die wagte stoot die swaar ysterhekke oop. Jaap en Brink stap onder die klip boog deur. Dan steek hulle in hul spore vas.



Voor hulle hang die lyk van 'n man aan 'n galg. Dit is 'n middeljarige man met lang grys hare en 'n nette bokbaardjie. Hy is net geklee. Sy hande is agter sy rug vasgemaak en sy voete is gespan. Sy nek hang skuins in die lus van die galgtou.

„Daar is die Kommandeur!" sê een van die wagte. „Nou sien julle hom!"

„Is julle van jul sinne berowe?" vra Jaap. „Ek wil kommandeur Willem van Heemsgaard spreek!"

„Nou spreek dan met hom!" sê die wag. „Daar hang Willem van Heemsgaard voor jou!"